

HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal die gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word gebaseer op die navorsingsresultate wat verkry is uit die literatuur- en empiriese ondersoek. Die studie se fokus was gemik op die ervaring van die intermediêrefase-onderwysers in die George-omgewing van die implementering van inklusiewe onderwys in hul skole.

Die hoofstuk sal soos volg uiteengesit word:

- Oorsig van die studie
- Bevindinge van die literatuurstudie
- Bevindinge van die empiriese ondersoek
- Aanbevelings wat verband hou met die doel van die studie
- Leemtes van die studie
- Slotbeskouing

5.2 OORSIG VAN DIE STUDIE

Hierdie gedeelte van die hoofstuk gee oor 'n kort oorsig van die vorige hoofstukke van die studie. Die doel daarvan is om die leser se aandag te rig op die belangrikste aspekte van elke hoofstuk, sodat die bevindinge en die aanbevelings 'n betekenisvolle aansluiting kan vind daarby.

5.2.1 Hoofstuk 1

Die doel van hierdie hoofstuk was om 'n oorsig te verskaf oor die verloop wat die studie sou neem. Daar is verwys na die totstandkoming van inklusiewe onderwys deur die implementering van die Witskrif oor *Special Needs Education – Building an Inclusive Education and Training System*, waarin die kind se reg tot basiese onderwys beskryf word. In die Witskrif word daar reeds na onderwysers se bevoegdhede en onderwysersopleiding verwys.

Die probleemstelling wat in hoofstuk een aan die orde gestel is, was:

Wat is die onderwysers in die George-omgewing se ervaring van die implementering van inklusiewe onderwys in die intermediêre fase in hul skole?

Die doel van die navorsing was om deur middel van 'n empiriese ondersoek te bepaal wat die onderwysers se ervaring is van die implementering van inklusiewe onderwys in hul skole.

Vervolgens is 'n agtergrond vir die studie aangebied in 'n literatuuroorsig oor die ontstaan en implementering van inklusiewe onderwys en die rolspelers daarin. Die metodologie wat gevolg sou word is beskryf in terme van 'n empiriese ondersoek wat sou bestaan uit die verkryging van empiriese data uit vraelyste en fokusgroeponderhoude.

5.2.2 Hoofstuk 2

Die doel van hierdie hoofstuk was om 'n beeld te verskaf van onderwysers in Suid-Afrika en in verskeie oorsese lande se sienings van inklusiewe onderwys. Daar is gefokus op die positiewe en negatiewe aspekte soos die onderwysers dit ervaar, asook die suksesse en probleme wat met die implementering daarvan ondervind is in die verskeie lande. As inleiding is daar verwys na die doel waarvoor inklusiewe onderwys tot stand gebring is, te wete om deur samewerking 'n verandering in skole en gemeenskappe teweeg te bring in terme van sosiale integrasie. Voorts is daar ook verwys na die velerlei definisies van inklusiewe onderwys wat in die literatuur bestaan. 'n Definisie vir die doel van die studie is nie uitgewys nie, aangesien die studie nie op inklusiewe onderwys self fokus nie, maar op die ervarings daarvan van onderwysers, en daarom is 'n voorafgestelde definisie nie relevant vir die doel van die studie nie.

Daar is 'n nasionale perspektief aangebied oor onderwysers in Suid-Afrika se houdings teenoor inklusiewe onderwys, en watter suksesse en struikelblokke hulle met die implementering daarvan ervaar. Die mees algemene struikelblokke het geblyk te wees onvoldoende infrastruktuur, onbevredigende werksomstandighede, voortdurende kurrikulumaanpassings, tydsverloop, onvoldoende opleidingsgeleenthede, en die hoë werkslading van onderwysers. Die onderwysers se ervarings het geblyk soortgelyk te wees aan dié van die deelnemers in die empiriese ondersoek.

Die internasionale perspektief oor inklusiewe onderwys het aangetoon dat ander lande se inklusiewe onderwysstelsels ooreenkomste toon met Suid-Afrika, en dat die onderwysers se

ervarings daarvoor soortgelyk is aan dié van hul eweknieë in Suid-Afrika, soos ook later uit die empiriese ondersoek geblyk het.

Australië se implementering van inklusiewe onderwys blyk bevredigend te wees vir hulle onderwysers. Die onderwysers het heelwat lof vir die toepassing van inklusiewe onderwys in hul skole, maar glo ook dat daar inrigtings moet wees waar gespesialiseerde onderrig beskikbaar is vir verskeie behoeftes. Die Federale Regering van Australië maak voorsiening daarvoor dat elke staat sy eie wette en beleide kan opstel.

In Brittanje is die onderwysers oënskynlik geneë met die idee van inklusiewe onderwys, en sien dit as 'n vennootskap om bande te smee met die onderskeie rolspelers daarby betrokke. Onderwysers daar is bereid om met leerders te werk wat spesiale onderwys benodig in hul klasse.

In Amerika blyk dit dat die onderrig van die kind vir die onderwysers baie belangrik is. Die gevoel is dat leerders met spesiale onderwysbehoefte in skole hoort wat aan hulle behoeftes voldoen kan word. Die onderwysers daar is egter gefrustreerd aangesien hulle gemeet word aan die prestasie van hierdie kinders. Dit het geklop met die latere empiriese bevindings van die Suid-Afrikaanse onderwysers. Daar bestaan die gedagte dat hierdie leerders nie werklik vordering toon in die hoofstroomopset nie. Verskeie wette en beleide is egter wel in plek gestel om die voortsetting van inklusiewe onderwys in Amerika te verseker.

Laastens is daar gekyk na China se implementering van inklusiewe onderwys wat grotendeels deur godsdienslike organisasies hanteer is, maar deur die staat gesubsidieer word. Onderwysers in China blyk onwillig te wees om leerders wat spesiale onderwys verg in te sluit in hul klasse aangesien hulle nie opgelei is daarvoor nie, en is derhalwe negatief ingestel oor die gedagte van inklusiewe onderwys.

5.2.3 Hoofstuk 3

Die doel van hierdie hoofstuk was die uiteensetting van die metodologie vir die empiriese navorsing. Die gekose navorsingsontwerp vir die studie was kwalitatiewe navorsing, omrede die navorser self die deelnemers se menings eerstehands wou ervaar. Die doel was om die deelnemers aan die navorsing die geleentheid te bied om oor hul ervarings van die implementering van inklusiewe onderwys te skryf en praat. Sodoende kon 'n in-diepte beeld van hul ervarings verkry word. Die deelnemers het 'n gevallestudie gevorm aangesien al die intermediêrefase-onderwysers in die Eden- en Sentrale Karoo-Onderwysdistrik (George-

omgewing) aan die studie deelgeneem het. 'n Steekproef was dus nie nodig nie want die hele studiepopulasie (alle intermediêrefase-onderwysers in die George-omgewing) het aan die ondersoek deelgeneem. Data is versamel deur middel van *vraelyste* wat die deelnemers moes voltooi, *fokusgroeponderhoude* met die deelnemers by agt skole waar waardevolle inligting in verband met hul ervaring van die implementering van inklusiewe onderwys ingesamel is, en ook *observasie* wat tydens fokusgroeponderhoude gedoen is oor die aard van die deelnemers se deelname aan die onderhoude. Daarna is die data-ontleding wat gedoen sou word beskryf in terme van interpretatiewe inhoudsanalise.

Deelnemers by sewe skole in die bepaalde George-omgewing het aan die onderhoude deelgeneem. Die etiese aspekte wat gevolg is tydens die beplanning en uitvoer van die empiriese ondersoek, is ook in die hoofstuk uiteengesit.

5.2.4 Hoofstuk 4

Die resultate van die empiriese ondersoek is in hierdie hoofstuk weergegee, soos verkry vanuit die *vraelyste* en *fokusgroeponderhoude*. Die resultate is daarna bespreek in terme van die drie subvrae van die hoofnavorsingsvraag.

Die bevindinge van die studie word vervolgens bespreek.

5.3 BEVINDINGE VAN DIE LITERATUURSTUDIE

5.3.1 Inleiding tot die literatuurstudie

Inklusiewe onderwys is 'n menseregte-aangeleentheid soos vervat in die Grondwet van Suid-Afrika, en moet dus daarvolgens gerespekteer en toegepas word. Gebaseer op hierdie beginsel, poog inklusiewe onderwys om soveel moontlik leerders in te sluit in hoofstroomonderwys, tot almal se voordeel.

5.3.2 Bevindinge oor onderwysers se houding oor inklusiewe onderwys in Suid-Afrika

Volgens verskeie navorsers soos uitgewys in die literatuurstudie voel menige van die onderwysers nie opgewasse vir die taak op hande nie en sal dit volgens hulle tyd neem voordat onderwysers gewoond raak aan die idee van inklusiewe onderwys. Uit die

literatuurstudie kan die volgende redes onder andere aangevoer word vir onderwysers se grootliks negatiewe houdings teenoor inklusiewe onderwys:

- Inklusiewe onderwys is 'n uitdaging wat nog baie eise aan onderwysers gaan stel
- Onderwysers het nog nie die idee ten volle aanvaar nie
- Fasiliteite en bronne ontbreek by die meeste skole wat dit benodig
- Ouers se onbetrokkenheid by die onderrig van hul kinders
- Onvoldoende opleidingsgeleenthede vir onderwysers
- Houdingsprobleme wat intern opgelos moet word
- Die betrokke rolspelers wat mekaar moet vind
- Beleide wat nie behoorlik in plek is nie
- Onderwysers wat hul eie vermoëns onderskat
- Onderwysers se moreel wat laag is
- Leerders se swak gedrag en dissipline
- Onderwysers wat geïsoleerd voel
- Werkslading wat te groot is om af te handel

Die literatuur het dus aangetoon dat die Suid-Afrikaanse onderwysers oor die algemeen negatief ingestel is jeens inklusiewe onderwys.

5.3.3 Bevindinge oor onderwysers se houdings oor inklusiewe onderwys internasionaal

Die literatuurstudie toon aan dat verskeie ander lande ook die idee van inklusiewe onderwys aanvaar het by die Salamanca-Kongres van 1994. Verskeie lande se implementering van inklusiewe onderwys is onder die loep geneem. Die literatuurstudie het uitgewys dat die lande elk hul eie weergawe van inklusiewe onderwys geïmplementeer het, en dat die stelsel oraloor steeds besig is om te ontwikkel. Onderwysers in die onderskeie lande toon wisselende houdings jeens inklusiewe onderwys, met sommige wat positief en ander wat negatief ingestel is.

5.4 BEVINDINGE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die empiriese ondersoek het aangedui dat die meerderheid van die onderwysers wat deelgeneem het aan die navorsing, nie 'n korrekte idee het waarom inklusiewe onderwys handel nie, en het ook geen idee gehad hoe om die behoeftes van die leerders in hul klasse wat leerhindernisse ervaar, te ondersteun nie. Hulle verwar ook inklusiewe onderwys en spesiale onderwys. Dit kan toegeskryf word aan hul basiese opleiding wat grootliks op

diplomavlak is, met geen opleiding in inklusiewe onderwys óf die ondersteuning van leerders wat leerhindernisse ervaar nie. Dit het geblyk dat die deelnemers nie die veranderinge in die onderwys en die redes daarvoor verstaan nie, en neem die Departement van Onderwys daarvoor kwalik dat hulle ook nie behoorlik opgelei is vir die taak nie en ook nie ondersteuning vanaf die Departement ontvang nie.

Die bevindings word vervolgens weergegee ooreenkomstig die drie subvrae wat vir die doel van die studie geformuleer is.

5.4.1 Hoe verstaan en beskou die onderwysers inklusiewe onderwys opsigself?

Ten spyte van hul foutiewe siening van inklusiewe onderwys, is hulle dit eens dat alle leerders die geleentheid moet kry tot onderwys en dat daar na almal se behoeftes omgesien moet word. Dit blyk egter dat die deelnemers steeds hunker na aparte spesiale skole, omdat hulle nie weet hoe om leerders wat hindernisse ervaar, te akkommodeer in hul hoofstroomklasse nie. Dit blyk dat ongeveer die helfte skepties is teenoor inklusiewe onderwys, terwyl die ander helfte inklusiewe onderwys aanvaar, maar nogtans onseker is en daarom byvoorbeeld negatief ingestel is teenoor die eise wat dit aan hulle stel.

5.4.2 Hoe word inklusiewe onderwys in hul skole geïmplementeer?

Dit blyk dat daar nie toepaslike onderrigfasiliteite vir leerders met spesiale behoeftes by die skole beskikbaar is nie. Hulle ervaar die implementering van inklusiewe onderwys as onhanteerbaar, en ervaar dit as 'n las op hulle skouers. Hulle voel hulself ook nie kundig genoeg ten opsigte van die implementering van inklusiewe onderwys nie. Net sommige skole beskik oor ondersteuningsonderwysers. Die skole implementeer die stelsel op verskeie maniere:

- By sommige skole word leerders deur die dag vir 'n gedeelte van hul periodes onttrek uit die klas en in 'n ondersteuningsklas geplaas waar die leerders onderrig ontvang van die leerondersteuningsonderwyser.
- Leerders word by party skole in 'strome' geplaas sodat daar in groepe in die verskillende grade aan hul onderskeie behoeftes aandag gegee kan word
- In sommige skole bestaan daar wel 'n taakspan wat leerders verwys na die leerondersteuningsklasse of vir toetsing deur 'n sielkundige
- Daar word ook soms ekstra klasse na skool aangebied deur onderwysers om leerders te met spesiale behoeftes te ondersteun

5.4.3 Wat is die onderwysers se ervarings van die funksionering van die inklusiewe onderwysstelsel in hul skole?

Dit blyk dat daar verdeeldheid onder die deelnemers is oor die implementering van inklusiewe onderwys in hul skole. Sommige van die deelnemers ervaar heelwat nadele en is skepties oor die funksionering van inklusiewe onderwys, ten opsigte van hulself sowel as ten opsigte van die skool. Hulle is van mening dat hulle nie toepaslik opgelei is nie en dat daar te 'n groot diversiteit van leerhindernisse in hul klasse is, en ook in die leerders se omstandighede in die gemeenskap. Hulle is onseker oor hoe om differensiasie toe te pas teenoor leerders se diverse vermoëns en behoeftes.

Hierdie verdeeldheid en skeptisisme teenoor die implementering van inklusiewe onderwys in die skole in die studie, word in die literatuur sowel as in die empiriese ondersoek bevind.

5.5 AANBEVELINGS

Gebaseer op die twee hoofgroepe se resultate van die studie (ervarings oor inklusiewe onderwys en ervarings oor die leerders en hul omgewings), word die volgende aanbevelings en subaanbevelings aan die hand gedoen:

A AANBEVELINGS TEN AANSIEN VAN INKLUSIEWE ONDERWYS

A1 Aanbevelings ten aansien van onderwysers

A2 Aanbevelings ten aansien van die houdings van onderwysers

A3 Aanbevelings ten aansien van klasse

A4 Aanbevelings ten aansien van 'n taalvriendelike omgewing

A5 Aanbevelings ten aansien van assessering

B AANBEVELINGS TEN AANSIEN VAN DIE LEERDERS EN HUL OMGEWINGS

B1 Aanbevelings ten aansien van ondersteuningsmateriaal

B2 Aanbevelings ten aansien van ouers

Hierdie aanbevelings word vervolgens aan die orde gestel.

A AANBEVELINGS TEN AANSIEN VAN INKLUSIEWE ONDERWYS

A1 Aanbevelings ten aansien van onderwysers

A1.1 Indiens- en voordiens-opleiding van onderwysers

Indiensopleiding behoort aan onderwysers in die George-omgewing verskaf te word om hulle sodoende te bemagtig om inklusiewe onderwys effektief in skole te implementeer. Verder behoort die opleidingsessies wat deur die Wes-Kaapse Departement van Onderwys aan onderwysers aangebied word, aspekte rondom inklusiewe onderrigmetodes in te sluit, soos die deelnemers hul behoeftes daarvoor uitgespreek het. Onderwysers sal deur hierdie opleiding bewus gemaak moet word dat inklusiewe onderwys nie net betrekking het op spesiale skole en personeel wat net by spesiale skole betrokke is nie, maar dat alle onderwysers daarby ingesluit word.

Beampes van die Wes-Kaapse Departement van Onderwys verantwoordelik vir inklusiewe onderwys behoort die nodige opleiding aan onderwysers te verskaf en monitor ten einde toe te sien dat dit effektief in die George-omgewing geïmplementeer kan word.

'n Toepaslike opleidingshandleiding vir onderwysers met betrekking tot inklusiewe onderrigmetodes kan ontwikkel word om sodoende onderwysers te bemagtig om die metodes in hulle klasse te implementeer.

Verder behoort inklusiewe onderrigmetodes deel uit te maak van alle voorgraadse onderwysersopleiding. Dit sal voornemende onderwysers toerus met die nodige vaardighede om inklusiewe onderwys effektief te implementeer in hul klasse.

A1.2 Ondersteuning aan onderwysers

Die vakadviseurs, sielkundiges en Kringbestuurders kan aan die hand van riglyne 'n ondersteuningstelsel ontwikkel op grond waarvan die onderwysers ondersteun kan word in die identifisering en ondersteuning van leerders met leerhindernisse.

A2 Houdings van onderwysers

Dit is belangrik dat die oorwegend negatiewe houdings van die onderwysers teenoor inklusiewe onderwys sal moet verander na 'n positiewe gesindheid. Onderwysers sal meer begrypend en verdraagsaam moet word teenoor leerders wat leerhindernisse ervaar, sodat

die onderrig van hierdie leerders vir hulle 'n uitdaging sal word. Onderwysers se kennis en ervarings van leerders met leerhindernisse sal dus uitgebrei moet word. Hier kan die Departement ook die deurslaggewende rol speel deur toepaslike opleiding en ervaringsgeleenthede vir onderwysers te skep.

A3 Klasse

Oorvol klasse is ook geïdentifiseer as een van die struikelblokke in die implementering van inklusiewe onderwys in skole. Ook hier sal die Wes-Kaapse Departement van Onderwys 'n rol moet speel in terme van die beskikbaarstelling van klaskamerfasiliteite genoeg personeel wat aangestel moet word.

A4 Taalvriendelike omgewing

'n Taalvriendelike omgewing deur onder andere moedertaalonderrig en/of tolkdienste sal deur die Onderwysdepartement oorweeg moet word.

A5 Assessering

Riglyne oor die assessering van leerders in inklusiewe onderwys sal deur die Departement van Onderwys verskaf moet word. Omdat die leerderdiversiteit verskil van skool tot skool, kan die Departement dit oorweeg om verskillende soorte assesseringsmetodes by skole toe te laat, soos die omstandighede by elke skool dit vereis en toelaat.

B AANBEVELINGS TEN AANSIEN VAN DIE LEERDERS EN HUL OMGEWINGS

B1 Ondersteuningsmateriaal

Relevante ondersteuningsmateriaal vir leerders behoort ontwikkel te word, aangesien dit geblyk het dat die kurrikulum en ander onderrig- en leermateriaal nie toepaslik en toeganklik is vir leerders met leerhindernisse nie. Dit bly weer eens die verantwoordelikheid van die werkgewer (Departement van Onderwys) om doelgerigte bronne en materiaal te ontwikkel om bystand aan leerders en hul onderwysers te verleen.

B2 Aanbevelings ten aansien van ouers

Ouerbetrokkenheid bly 'n uitdaging in inklusiewe onderwys, en daarom kan toepaslike ouerondersteuningsprogramme ook deur die Departement oorweeg word, sodat ouers kan leer hoe om betrokke te raak in hul kinders se opvoeding en onderrig.

Vervolgens word die leemtes van die studie aangetoon.

5.6 LEEMTES VAN DIE STUDIE

Die navorser is ten volle bewus van die tekortkominge van hierdie studie, sodat die maksimalisering van onderwysers se potensiaal om inklusiewe onderwys te implementeer, nie in hierdie studie aangeraak kon word nie. Die leemtes sluit die volgende in:

- Die studie is slegs van beperkte omvang en daarom is die resultate nie veralgemeenbaar nie.
- Die resultate is waarskynlik egter oordraagbaar na ander soortgelyke gevalle, maar dit sal eers deur verder navorsing bepaal kan word.
- Die studie handel slegs oor die ervarings van die deelnemers in hierdie studie en is dus nie noodwendig van toepassing op ander onderwysers in die ander provinsies nie. Dit sal ook deur verdere navorsing bepaal moet word.
- Aangesien die studie slegs die ervarings van die deelnemers bestudeer het, is dit nie noodwendig 'n weergawe van die ware toedrag van sake in die betrokke omgewing nie. Hoe inklusiewe onderwys werklik geïmplementeer word in daardie omgewing, sal ook deur verdere navorsing bepaal moet word.

5.7 SLOTBESKOUIING

Die doel van die navorsing was om vas te stel wat die intermediêre fase-onderwysers in die George-omgewing se ervaring van die implementering van inklusiewe onderwys in hul skole is. Die navorsing toon aan dat leerders wat leerhindernisse ondervind, waarskynlik nie die nodige ondersteuning ontvang nie omdat die onderwysers nie weet wat die ondersteuning van sulke leerders binne inklusiewe onderwys behels nie. Die deelnemers in die studie beskik nie oor die nodige kennis en vaardighede om leerders suksesvol toe te rus vir hul toekoms nie. Die meerderheid van onderwysers het ook nie die nodige opleiding ontvang om inklusiewe onderwys reg te implementeer nie. Daar bestaan 'n behoefte daaraan by die onderwysers om opleiding in inklusiewe onderwys te ontvang. Vir die suksesvolle

implementering van inklusiewe onderwys sal onderwysers moet verstaan wat dit behels en hoe om dit toe te pas in die skool, asook hoe om leerders met leerhindernisse te ondersteun.

Aangesien die suksesvolle implementering van inklusiewe onderwys in die hande van die onderwysers lê, is aanbevelings gedoen vir die verbetering van onderwysers se ervaring en implementering van inklusiewe onderwys.